**30 OKTOBER** **Skrifgedeelte: Johannes 12:20-36**

**Fokusgedeelte: Johannes 12:23,28**

## Deur lyding tot heerlikheid

Soms gaan daar 'n deur oop waar geen deur is nie. Jesus het geweet en dit ook bekend gemaak dat die kruis al hoe nader kom. Hoeveel keer wou die Jode Hom nie vang en selfs stenig nie. Dan verskyn die Grieke op die toneel en vra skugter vir 'n onderhoud met Jesus. Hulle teenwoordigheid maak 'n deur oop waardeur die Here Jesus skielik verder kyk as Golgota. Hy het altyd gesê dat sy tyd nog nie gekom het nie, maar nou: "Die tyd het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word". Die Grieke verteenwoordig die heidendom wat na Pinkster tot bekering sou kom. Jesus sien met blydskap hierdie vrug van sy sterwe.

Dit is die verheerliking van die Seun. Wanneer Israel Hom verwerp, word die Seun verheerlik deur vreemde volke wat bygevoeg gaan word tot sy koninkryk. Tog herinner dit Hom ook aan sy dood. Dit ontstel Hom, maar soos in Getsémane aanvaar Hy die wil van Sy Vader met die gebed: "Vader verheerlik U naam". Die graankorrel sal moet sterf anders kan dit nie vrug dra nie. Jesus sterf sodat baie kan leef.

As jy moet ly ter wille van jou Here, dink dan aan die heerlikheid wat Jesus vir jou verdien het met sy lyding en dood – en wees bly. Hierdie is 'n deur wat Jesus oopgemaak het en niemand kan dit sluit nie. Vers 26: "As iemand My dien sal die Vader hom eer".

*Sing: Psalm 87:5* *Ds Japie Venter (Emeritus)*